menlo-insig

28/2023

## LIEWE MENLO

Opvoeding is die hart van 'n samelewing; die kompas wat die toekomsrigting bepaal. Elke leerder ontvang 48 kwartale waarin hy/sy kan groei, leer en ontwikkel. Menloparkers spandeer 20 hiervan op Menlo-bodem. Hierdie tyd tussen die eerste en die twintigste kwartaal is 'n smeltkroes van emosie – 'n eb en vloed tussen sukses en weer probeer. Akademiese erkenning vind soos klokslag plaas: Wat is lekkerder as om "Uitstekend" of "Goeie werk" langs jou naam op 'n vraestel te sien? Diegene wat weet, vertel dat dit 'n besondere eer is om jou naam op die top-10-lys te sien. Parkies wat hierdie prestasie gedurende die jaar behaal, word in Oktober na die top-10-akademiese funksie genooi om die akademiese sukses van die jaar so kuier-kuier te vier.

'n Funksie sonder 'n interessante spreker is eenvoudig nie sy sout werd nie en vanjaar was dit oud-Menloparker en swaargewig ekonoom, prof. Jannie Rossouw, wat die wysheid wat hy oor die jare versamel het in tien lesse vir die Parkies opgesom het.

Die eksamen is op hande: Ons graad 11's verseël hiermee die punte waarmee hulle vir naskoolse studie aansoek doen en die graad 12's staan op die drumpel van 'n opwindende, nuwe lewensfase. Dit is 'n voorreg om na die raad van 'n kopskuiwer te luister. Lekker lees!

- Behou fokus ten spyte van onsekerheid.
- Onthou om dankie te sê.
- Ons neem besluite sonder perfekte inligting oor die toekoms.
- Ons kies nie die kaarte wat ons kry nie, maar ons moet dit so goed as moontlik speel.
- Inflasie is niemand se vriend nie.
- Aanpasbaarheid is 'n vereiste vir loopbaansukses en lewensgeluk.
- Vryheid van spraak en mediavryheid moet beskerm word.
- Maak goeie en oordeelkundige keuses.
- Hartseer is deel van die lewe.
- Die lewe is kort, geniet elke dag!

Die skool rig graag 'n woord van dank aan me. Yolanda Alkema en die Parkieraad se akademiese komitee vir hulle reëlings.

Dit was uitsonderlik!






## BESTE MATRIKULANT

# STERKTE MET DIE EKSAMEN!

Eksamengebed
(Verwerking van Ps. 23; Onbekend)

Die Here is my herder. Waarvoor sal ek bang wees?
Hy laat my die eksamenkamer rustig binnegaan. Hy verlig my verstand.
Hy lei my in die kennis van geleerdheid.
Al kyk ek na die vraestel en die vrae is moeilik sal ek kalm bly, want Hy is met my.
Die goedheid van my onderwysers en wat hulle my geleer het, sal vrug dra en ek sal leef om Sy naam te loof.
Amen

# DAGBOEK

**30/10**
Somereksamen: Graad 10 – 12

**7/11**
Ouerinligtingsvergadering: Begroting (Ouditorium, 18:00)

**21/11**
Goedkeuringsvergadering: Begroting (Ouditorium, 18:00)

# MENLO MA'S WAT OMGEE

*Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind.*

**Teks: Filippense 4:7**

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

## Die begrotingsproses begin! Lewer asb. u insette.

Die jaar staan einde se kant toe en die proses om die 2024-begroting goed te keur, begin binnekort. Ouers word versoek om hulleself asseblief deeglik van die volgende datums en reëlings te vergewis.

**Dinsdag, 7 November 2023**

**Ouerinligtingsvergadering rakende die begroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Die konsepbegroting word tydens hierdie vergadering aan die ouers voorgelê en uiteengesit. Enige vrae en besprekings word verwelkom. Die konsepbegroting is vir die daaropvolgende veertien dae, ter insae, in die forum by die skool beskikbaar.

**Dinsdag, 21 November 2022**

**Goedkeuringsvergadering van die konsepbegroting vir 2024 (Ouditorium, 18:00)**

Alle ouers word uitgenooi om die konsepbegroting vir 2024 deur middel van 'n stemproses goed te keur.



## Deutschland, hier kommen wir!



Agter die deur in die Duitse klas hang 'n groot kaart van Duitsland waarop bykans 40 pienk sterretjies geplak is. So begin elke uitruilstudent se reis na Duitsland. Sodra jy weet waar jou gasgesin woon, skryf jy jou naam op 'n sterretjie en plak dit tydens die "sterretjieseremonie" op die regte plek op die kaart.

So het sewe blinknuwe sterretjies hierdie week hulle verskyning gemaak. Baie geluk aan Andries Beyers en David Kunzmann wat gekeur is om aan die tienweekuitruilprogram deel te neem en reeds op 2 November die hitte van 'n Afrika-somervir 'n lekker koue feesseisoen in Duitsland verruil.

Alex Pakendorf is gekeur vir die sesweekprogram en die Beyers -susters (Marcelle en Alexa), asook Zoë Coetzee en Zoë le Cointre gaan aan die vierweekprogram deelneem.

Of jy nou saam met jou gasgesin leer ysskaats op die stadsmeer, "Stille Nacht, heilige Nacht" in 'n 700 jaar oue katedraal sing, of "Bratwurst" en "Glühwein" geniet terwyl die sneeu saggies om jou by die Kersmark sif, die program bied ongelooflike geleentthede vir persoonlike groei en ontwikkeling. Die selfvertroue en nuutverworwe kennis van moderne Duits is eenvoudig "absolut wunderbar"!

## Vier Duitse slimkoppe slaag internasionale Duitseksamen



Drie graad 11 leerders (Marcelle Beyers, Janine Kirsten en Zoë Wise) en een matriekleerder (Divan Heymann) het in Oktober die gesogte "Zertifikat Deutsch B1" by die Goethe Instituut in Johannesburg met groot welslae afgelê.

Hoewel die vlak B1 eintlik eers aan die einde van matriek bereik word, het Janine Kirsten en Zoë Wise hierdie groot eksamen reeds in graad 11 met lof geslaag! Baie geluk!

Met die "Zertifikat Deutsch B1" in die hand kan leerders aansoek doen om werkspermitte, verblyfreg in Duitsland en toelating tot gratis studies aan Duitse instansies.

Dit is egter nie net in Duitsland waar Duits as 'n addisionele taal leerders tot voordeel strek nie. Op die onlangse loopbaanskou by die Goethe Instituut is daar bekendgemaak dat meer as 600 Duitse maatskappye tans in Suid-Afrika werk aan bykans 90 000 Suid-Afrikaners verskaf!

Of 'n mens nou as gekwalifiseerde apteker, ingenieur, tegnikus, rekenaarspesialis of selfs as sekretaresse of bestuurder by 'n Duitse firma in Suid-Afrika om werk aansoek doen, jou Duitse vaardighede sal jou altyd kop en skouers bo die ander aansoekers laat uitstaan!

# GEES EN MENLOBOND

## Totsiens Matrieks!

'n Graad 12-jaar is 'n jaar vol laastes. Tog is daar aan die einde van die jaar ook 'n matriekeerste in die vorm van die graad 12-afsluitingsfunksie – 'n nuwe Menlo-tradisie wat vanjaar drie jaar oud is. Hierdie spesiale geleentheid het vandeesweek in die Menlo-amfi plaasgevind: 'n Nostalgiese oomblik waar die matrieks en hulle ouers vir die laaste keer as Parkies aangetree het.

Die afsluiting is deur 'n spesiale boodskap van elkeen van die sprekers in die Parkies se geheuebank geëts. Ds. James Kirkpatrick het die verrigtinge met 'n bemoedigende boodskap geopen waarna die koor opgetree het.

Die boodskap van mnr. Reynders was om balans tussen finansiële welvaart en geluk te vind waarna Albert van der Merwe en Izette Hofmeyr (hoofleiers toe vanjaar se graad 12's in graad 8 was) die groep met 'n spesiale boodskap geïnspireer het.

Die Klas van 2023 groet die Menlo-bodem vir eers en word terselfdertyd in die Menlobond verwelkom. Mnr. Konrad Fleischhauer, Menlobond-voorsitter en oud-Menloparker, het die matrieks geïnspireer om altyd hulle bes te doen. Dit was oudergewoonte vir die Menlobond 'n reusevoorreg om 'n leersleutelhouer aan elke graad 12-leerder te skenk.

Menlo is dankbaar vir die spore wat hierdie leerders agterlaat en het waardering vir die ondersteuning van die ouers gedurende die afgelope vyf jaar. Ons beste wense vergesel elke Menlo-matrikulant en groet hulle met 'n laaste Tiho.

Die skool bedank graag me. Hannas Smit en mnr. Corné van Wyk vir die reëlings vir hierdie spesiale dag.

Menlo trek nou laer om die matrieks en wens hulle 'n voorspoedige eindeksamen toe.









EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
Menlo vir altyd!

# GEES

## As die matrieks weg is…

Die matrieks van 2023 het diep spore op Menlo-bodem getrap. Dit het nou vir hierdie groep tyd geword om spore te maak om hulleself vir die eindeksamen en die lewe na Menlo voor te berei. 'n Skool soos Menlo kan nie vir 'n oomblik leierloos gelaat word nie en daarom is die Klas van 2024 vandeesweek amptelik tot Menlo-voorlopers bevorder. Die matriekdasse is oorhandig en die graad 11's is gereed vir 2024! Menlo staan agter julle!



# ATLETIEK





## Menlo is NWU-kampioene

Die gedagte aan 'n atletiekbyeenkoms waar die land se voorste atlete aantree, is vir die meeste mense 'n vreesaanjaende gedagte. Dit is algemene kennis dat Parkies nie vir uitdagings terugdeins nie, maar eerder daardeur geïnspireer word om vinniger, hoër en sterker te word.

Die Parkie-atlete het verlede week gewys wat dit beteken om ons leuse, Excelsa Petamus, op die baan en veld uit te leef en die mededingers kon eenvoudig nie byhou nie.

Baie geluk aan die skool se top-30-span asook die afrigters onder leiding van me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith wat stof in die ander spanne se oë geskop het om skoonskip by die byeenkoms te maak.

Hier volg die uitslae van die NWU Top 30 Byeenkoms:

### A-afdeling

Dogters

| | | |
|---|---|---|
| 1. Menlo | 2. AHMP | 3. Noordheuwel |
| 4. Helpmekaar | 5. Waterkloof | |

Seuns

| | | |
|---|---|---|
| 1. Menlo | 2. AHS | 3. Curro Hazeldean |
| 4. Helpmekaar | 5. Klerksdorp | |

Algeheel

| | | |
|---|---|---|
| 1. Menlo | 2. Helpmekaar | 3. Curro Hazeldean |
| 4. Noordheuwel | 5. Waterkloof | |

Daar sal nog lank oor die o. 17-seuns se aflos gepraat word. Die Insig het 'n bewysstuk van Menlo se vaart onder oë gehad en kan eerstehands getuig dat Menlo eenvoudig in 'n ander klas is!






# GHOLF

## Vat 5, Menlo 8!



Menlo 8 is nie kodetaal vir 'n geheime sending nie, maar die naam van die gholfspan wat pas met die louere in die C-liga weggeloop het. Baie geluk aan Ben Schomper, Amilia Coetzee, Loané Prinsloo en Wilna Beetge met 'n pr8tige prestasie.

# KRIEKET

## Menlo-krieketspelers in Titan-spanne verwelkom

Baie geluk aan Menlo se mokermanne, sterboulers en talentvolle dames wat vir diens in Titan-spanne opgeroep is. Hierdie uitsonderlike prestasie is die resultaat van harde werk en uitstekende afrigting. Mnre. Arno van Wyk en Petrus Coetzee verdien 'n veer in die hoed vir hulle aandeel aan die Parkies se sukses.

Menlo se splinternuwe Titans is:

Monré Koekemoer (o. 15); Tiaan Serfontein (o. 16); Jané Verhage (o. 16); Willem Sevenster (o. 17) & Ewald Meyer (o. 17); Amoné Muller (o. 19), Miané Krynie (o. 19) & Steve Stolk (o. 19).



# MUURBAL

## Menlo-muurbal maak geskiedenis


Die Hoërskool Menlopark het verlede naweek geskiedenis gemaak deur gasheer vir die eerste Menlo-interskoletoernooi te speel. Die doel van hierdie toernooi is om aan skole 'n geleentheid te bied om hulle eerste-spanne van 2024 bekend te stel. Menlo se muurbalmanne het kragte teen swaargewigte soos St Stithians College, Kearsney College, Michaelhouse School, Pretoria Boys High School en Egoli Invitational gemeet en gewys dat ons slaggereed vir 2024 is.

Die skool se muurbalmeisies het terselfdertyd hulle buiging by die Tuks Girls Squash Festival gemaak en behoorlik uitgeblink. Hartlik geluk aan die MMA! Die Insig sien uit na die 2024-seisoen!





# MENLOBOND




### Herinner ons…

Wat is meer opwindend as om geraas by 'n sportby-eenkoms te maak?

Menlo wil graag al die geesliedjies van vroeër onthou en in die Menlo-argief bewaar. Stuur asseblief die woorde asook die jaar waarin die liedjies gesing is per e-pos na menlobond@menlopark.co.za of whatsapp dit na 078 727 4647.




# SPOG

### Parkies bespreek plek in SA span



Dit is gewoonlik die Parkies se breine wat in allerhande rigtings strek, maar Lana Langeveldt en Bianca Fourie is twee soepel Parkies wie se voete die praatwerk doen. Lana en Bianca (albei in gr. 9) het onlangs aan South Africa Championships of Performing Arts (SACOPA) deelgeneem. So goed het hulle gevaar dat hulle vir die SA span wat in 2024 in Los Angeles aan die World Championships of Performing Arts (WCOPA) gaan deelneem, gekies is. Welgedaan!

### Parkie wys haar wetenskapslag in Europese waters



Die Insig vermoed dat Inge Higgins 'n stewige dosis wetenskap saam met haar ontbytpap inkry. So deeglik het sy die onderwerp van plantpatologie gedissekteer en verteer dat sy nie net 'n Eskom-prys ter waarde van R50 000 losgeslaan het nie, maar nou ook 'n uitnodiging na die BUCA IMSEF Internasionale Wetenskapekspo in Turkye ontvang het. Die ekspo vind van 20 – 25 November plaas en die Insig hoop dat Inge na dese ook 'n paar stukkies Turkse genot saam met wetenskap en ontbyt te ete sal kry. Baie geluk!

# MARKPLEIN



PRACTICE NUMBER
9990910001114433
CHANTEL SWART BIOKINETICS
368 Holding Atterbury east
Mooikloof
Biokineticist Services
Injury rehabilitation and prevention
Postural Correction
Chronic disease management
Pre- and post- natal rehabilitation
Geriatric functional health
Wellness and weight loss
WHATSAPP: 0607360329
TO BOOK YOUR SESSION




MARKET
on Lawley
FRI 3 NOV 10AM - 6PM
SAT 4 NOV 9AM - 12 AM
206 LAWLEY ST WATERKLOOF
Free Entry




TAU
VIR MENLOPARK
SCHOOL BAG PROMO
15% OFF SPECIAL DEAL
10% FOR YOU & 5% YOUR SCHOOL
Use this code for 5% to go to your school: TeamMenlo
WAS: R2899⁰⁰ NOW: R2609¹⁰
WAS: R3299⁰⁰ NOW: R2969¹⁰
Buddy School Backpack
Colours: Chocolate I Desert I Rosewood
Classic School Bag
Colours: Chocolate I Desert I Rosewood
Shop at our store in The Grove Mall, Lynnwood
Shop online: www.tausouthafrica.co.za
Cecilia - 067 037 2117 I office@tausouthafrica.co.za
Follow us on Social Media




KRAZEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif